Wapadrand Belofte GGN
16 - 18 April 2021

Liewe Gr. 7 Penkoppe en Drawwertjies, Verkenners en Volwasse lede,

Hiermee nooi ons julle met **groot opgewondenheid** uit na 'n opwindende, **SPLINTERNUWE KAMP**!! Hier's jou kans om jou uitstaande GGN en belofte spesialisasies vir Voorslag, of jou ABC-spesialisasies vir die Presidentsverkennerproses, op 'n baie interessante en lekker kuier-manier af te handel!

Wapadrand se Beloftenaweek vind plaas van **16-18 April 2021** by die **Voortrekkermonument.**

Alle Covid regulasies sal streng toegepas word.

Die volgende spesialisasies / kursusse word aangebied:

Gr. 7	Afrikanerkind
Gr. 7	Erfgrond
Gr. 7	Medemens
Gr. 7	Godsdiens
Gr. 8-12	Afrikanertradisies
Gr. 8-12	Godsdiens vandag EN Kerkjaar
Gr.10-12	Gelowe
Volwassenes	Spanhantering (Vrydag 19:30-22:00, Saterdag 08:00-18:00)

NB: Slegs 30 inskrywings per kursus sal toegelaat word, so stuur asb so vinnig moontlik julle inskrywings in!

Koste: R390 per jeuglid, R250 per volwassene, R190 per volwassene wat Spanhantering doen (slegs Vrydag en Saterdag).

Registrasie sal Vrydagmiddag vanaf 17:00 plaasvind en die amptelike kampopening is 18:00, waarna aandete deur die kampkombuis verskaf sal word. Die program sal Sondag om 12:00 afsluit.

Kommando's / spanne is verantwoordelik vir hulle **eie vervoer** na en van die Monument, sowel as vir **tente** om in te slaap. Tentkapasiteit moet asseblief tot 50% beperk word. Volwassenes sal in 'n aparte area geakkommodeer word – reël asb vir eie tente of karavane.

Daar MOET asseblief 1 volwassene wees vir elke 10 kinders (of deel daarvan) wat deur 'n kommando ingeskryf word.

DIE SLUITINGSDATUM IS VRYDAG 2 APRIL 2021, OF WANNEER DIE MAKSIMUM AANTAL INSKRYWINGS ONTVANG IS. VIR LAAT INSKRYWINGS SAL 'N FOOI VAN R50 PER INSKRYWING GEHEF WORD.

Om in te skryf:

- Skryf elektronies in by docs.google.com/forms/d/1l00eUbpwjfaExYGYSxXysjpnMhDEmg8mqDok_WDt8Qs
- Maak betaling aan eie Kommando.
- Wapadrand Voortrekkers sal 'n opsommende staat aan elke kommando stuur, met die versoek om die nodige oorbetaling te maak.
- Inskrywings sal bevestig word nadat die nodige betalings ontvang is.

Slegs kommando-inbetalings sal aanvaar word. Geen terugbetalings kan gemaak word nie, maar plaasvervangers kan wel aanvaar word, indien die nodige reëlings ten minste 'n week voor die kamp getref word. Slegs geregistreerde Voortrekkers sal toegelaat word om te kamp.

Rekeningbesonderhede vir **kommando-oorbetalings**: (Gebruik asb GGN & Kommandonaam as verwysing): Wapadrand Voortrekkerkommando, Standardbank Spaarrekeningnr. 414 554 361, Castle Walk-takkode: 014 645

Enige verdere navrae kan gerig word aan die volgende persone:

Kampleier:	Thinus Nienaber	083 772 5533 / thinusn777@gmail.com
Kampadmin (Wapadrand)	Annelize van der Loo	083 958 0581 / akladm.wapadrandvtk@gmail.com
Kampadmin (ander kommando's):	Carin Coetzer	084 833 3360 / carin.coetzer@telkomsa.net
Kampfinansies:	Koos Stofberg	082 577 1234 / koosstofberg@sanlam4u.co.za
Kampadjudant:	Mariaan Booysen	083 287 5158 / booysen.mariaan@gmail.com